

## **A5 – 1e & 2e gebooië**

### **Ad Hoc Kommissie: Insake die wese van die erediens**

#### **Die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk die Kandelaar**

Opdrag:

---

##### **2.1.5.1. 1e Gebod: Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.**

Mark 12: 28 – 24 Jy moet die Here jou God liefhê maar ook jou naaste

Vrees is 'n afgod: Num 13 & 14 (Vrees vir die dood & owerheid)

Matt 10: 28

##### **2.1.5.2. 2e Gebod: Ons mag Hom op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie. Sondag 35 v.a. 96**

---

### **Hermeneutiek van die Wet en die eerste twee gebooië**

#### **1. Die Bybel bedoel om in die besonder die werking van God se salige verhouding met die mens te beskrywe**

Die Bybel kan vanuit verskillende wettige perspektiewe benader word. Wanneer 'n mens egter die sinvraag en die doelvraag van die Bybel wil beantwoord, word die benaderingswyses heelwat minder. Paulus het die doelvraag en die sinvraag van die Bybel teenoor Timótheüs beantwoord in II Timoteus 3:

Vs 15: en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus.

Vs 16: Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid.

Vs 17: sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.

Die doel van die Bybel is ook in die NGB omskryf.

Artikel 3 oor die geskrewe Woord van God: Ons bely dat hierdie Woord van God nie deur die wil van 'n mens gestuur of voortgebring is nie, maar die heilige mense van God het dit, deur die Heilige Gees gedrywe, gespreek, soos die heilige Petrus sê (II Petrus 1: 21). Daarna het God deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid, sy dienaars, die profete en apostels, beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel en **Hy het self met sy vinger die twee tafels van die wet geskrywe. Daarom noem ons sulke geskrifte die heilige en Goddelike Skrif.**

Artikel 5 oor die gesag van die heilige Skrif: Ons aanvaar al hierdie boeke, en hulle alleen, as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grond en daarmee te bevestig. Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is, nie juis omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie, maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is. Hulle het ook die bewys daarvan in hulleself, aangesien selfs die blindes kan tas dat die dinge wat daarin voorspel is, plaasvind.

Artikel 7 oor die volkomenheid van die heilige Skrif: Ons glo dat hierdie heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word. Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe is, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die heilige Skrif geleer word nie – ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê (Galasiërs 1:8). En aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat (Deuteronomium 12:32), blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is. Ons mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of oudheid of die opvolging van tye of persone, of kerkvergaderings of verordeninge of besluite met dié waarheid van God gelykstel nie, want dié waarheid is bo alles. Alle mense is immers uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self (Psalm 62:10). Ons verwerp daarom met ons hele hart alles wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie, soos die apostels ons leer as hulle sê: Ondersoek elkeen, ondersoek of sy gees van God afkomstig is (1 Johannes 4:1). En: As daar iemand na julle toe kom wat 'n ander leer bring, moet julle hom nie in julle huise ontvang nie (2 Johannes 1:10).

Bogenoemde drie artikels toon aan dat die Bybel bedoel is om in die besonder die werking van God se salige verhouding met die mens te beskrywe. Dit is God se bekendmaking aan ons oor hoe hierdie verhouding werk. Dan is dit insiggewend dat kiemspore van hoe die mens se verhouding met God werk, pas na die skepping, in die tuin van Eden, uitgedruk word in die opdragte wat God aan die mens gee.

## **2. Die verhouding met God word geskend deur die sondeval**

Die sondeval het plaasgevind wat 'n growwe skending aan die verhouding tussen God en mens veroorsaak het. Ook na die sondeval het die verbondsvolk herhaaldelik die verhouding met God verbreek en geskaad.

Hierdie onderwerp is 'n groot studie op sy eie wat nie deel uitmaak van die opdrag nie.

Dit is wel belangrik om daarop te let dat die wet voorafgegaan word deur die teks van Deut 5: 6 wat lui:

“Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.” Met hierdie gedagte wil ons verder delf.

## **3. God herstel die verhouding van sy kant – Jer 31: 31-34 Pinkster – 'n Nuwe Verbond met die Here**

Wanneer God van sy kant af weer die verhouding herstel, voorsien die geskiedenis van die Aartsvaders kosbare gegewens. Die mees volledige uitdrukking van hoe die HERE sy verhouding met die mens beoefen, is egter die wetgewing by Sinai. In die dekalog vind ons die wortel van die verbond van God. Net soos wat die gebed, die Onse Vader, dien as kernkode vir die breë gebedslewe van die Christen, net so ook dien die Dekalog as die kernkode vir die verhouding tussen God en mens, met as opsomming: Liefde tot God en liefde tot die naaste.

...’n nuwe verbond... Ek gee my wet in hulle binneste... en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees..

***Jer 31: 31-34***

Jeremia verwys in Jer 31: 32 na God se verbond met Israel by Sinai.

Daar het die HERE Israel ontsaglik bevoorreg: Hy het Sy Naam aan haar verbind, Homself verbind om haar God te wees en Israel sy volk te maak.

By Sinai het Hy in 'n blywende huweliksverhouding met Israel getree.

Hy het dié volk in Egipte aan die hand gegryp en haar in vryheid uitgelei.

Jeremia sê: Die HERE was vir dié volk haar "baal", d.w.s. haar heer, haar gebieder. Die woord verwys na 'n intieme huweliksband - soos wat Sara met haar heer, Abraham gehad het, I Pet 3: 6.

Israel het haar Redder, haar Man, se liefde egter vertrap. Sy, die bruid, het van haar Man, die HERE weggeloop, soos 'n slegte vrou. Haar houding was deurgaans een van ontrou, van afval, van geestelike hoerery. Dit was Israel se antwoord op God se liefde. Israel het voortdurend haar huweliksverbond met God verbreek. Hosea moes dit met sy eie lewe afbeeld.

Die boek Jeremia was vir hierdie ontroue bruid, Israel, één volgehoue waarskuwing: God gaan sy oordeelsdreigings (Deut 28) uitvoer as julle jul nie bekeer nie. Hoe nader die wegvoering na Babel gekom het, hoe dreigender was Jeremia se preke. Hy het self daarvan inmekaar gekrimp!

Maar Jeremia het ook God se genade gepreek, al was dit net vir 'n klein oorblyfseltjie uit die tien en die twee stamme. Met hulle sou die HERE 'n nuwe begin maak! Jer 31: 10 vat dit so saam: Die Groot Herder van Israel versamel weer sy kudde. Hy bring hulle terug in hulle land.

En mees verrassende nog is: Die HERE sluit dan met die huis van Israel en die huis van Juda 'n NUWE VERBOND.

Dan aanbid die Tienstammeryk die HERE nie meer by Jeróbeam se twee kultusplekke, Dan en Bet-el, en die Tweestammeryk in Jerusalem nie, maar die oorblyfsel wat die HERE terugbring, is één volk, deur die Woord saamgebond in die nuwe verbond.

Dit was dieselfde ou verbond: die kernbelofte: "Ek sal vir jou 'n God wees en jy sal my volk wees", het presies dieselfde gebly. Maar die ou verbond is met nuwe en groter glans herstel. Die teruggekeerdes sou meer geniet as wat Israel by Sinai ontvang het. Met intensiewer krag sou God hulle aan Hom bind.

Hoe kon dit alles? Jer 31: 34 gee die antwoord: "Want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie."

Dit is die fondament van die nuwe verbond. God se genade, sy vergewing!

Daarvoor het God sy Seun gestuur. Hom het God in ons vlees laat boet vir die sondes. So het 'n nuwe verbond met beter beloftes moontlik geword.

Daarom het die Here Jesus in die verraadsnag die beker geneem en gesê: "Hierdie beker is die nuwe testament (verbond) in my bloed."

Dit wat op die Groot Versoendag deur die twee bokke afgebeeld is, het in Christus werklikheid geword. Christus is die Middelaar van 'n nuwe en beter verbond. En hierdie verbond sluit nie alleen die huis van Israel en die huis van Juda in nie, maar almal dwarsoor die wêreld wat in sy Seun glo, kry 'n plek in die nuwe verbond. Dit wat God met die terugkeer van die ou verbondsvolk uit die ballingskap begin het, loop uit in die kerk van die Nuwe Testament. God bring sy volk in 'n nuwe verbond saam uit alle volke, nasies en tale. Alles op grond van Christus se offer.

En nou verstaan ons dat die inhoud van die nuwe verbond die inhoud van die ou verbond by verre oortref: Hy gee sy wet in hulle binneste, Hy skryf dit op hulle hart, en Hy maak dat hulle almal, klein en groot, Hom ken (vs 33 en 34).

Dit is die rykdom van die Pinksterfees: In die ou bedeling was God se volk onmondig. Toe het God sy volk opgevoed deur middel van verbondsmiddelaars. Die volk is geleer deur tussengangers soos die profete en priesters. Die kennis van God en van sy Thora was in die hande van enkele "deskundiges".

Pinkster, en die nuwe verbond, beteken: Nou gaan die HERE sy volk meer direk, meer indringend leer. Eségiël sê dit so:

*En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in julle binneste.*

*Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem, en julle 'n hart van vlees gee. En Ek sal my Gees in julle binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen.*

***Eségiël 36: 26-27.***

Ook in die OT het die Heilige Gees die geloof in mense se harte gewerk. Maar sedert Pinkster werk Hy veel ryker en breër.

As die verhoogde Christus sy Heilige Gees stuur, is die priesters nie meer nodig nie. Die gemeente hoef nie meer die wet van die Here te gaan haal by die verbondsmiddelaars nie. Hulle is nie meer kinders wat geleer moet word nie. Die kerk is nie meer leke in die kennis van die Here nie.

Nou geld die woorde van I Joh 2: 20 en 27: "Julle het die salwing van die Heilige en weet alles ... Dit is nie nodig dat iemand julle leer nie. Soos die Heilige Gees julle van die Here geleer het, so moet julle in Hom bly."

Pinkster beteken: Die hele gemeente, groot en klein, is in alle dinge onderrig, is gesalf. Tot die swakstes weet oor Wie dit gaan. Die Heilige Gees van die verhoogde Christus kom in die prediking en katechese, in huisbesoek met beter beloftes as dié in die OT sy wet op die harte van die gemeente skryf. En so is ons sedert Pinkster Christene, profete en priesters en konings. Deur die kragtige werking van die Heilige Gees in die prediking kan dit nie anders as dat ons die Here ken nie. Die Gees het Sy woord geskrywe in ons hart, d.w.s. in ons geheue.

Nou kan ons nie anders as om ons aan Hom te gee nie. Want deur sy lering kan ons seker wees van die versoening van ons sondes. Maar onthou, hierdie nuwe verbond is alleen waar as ons hierdie heerlike beloftes in die geloof aanneem. Dan staan ons in die nuwe verbond, is ons mondige mense wat hulle roeping vervul - op alle terreine van die lewe God se volk.

#### **4. Deuteronomium - Geheel Toewyding aan die Here**

Deuteronomium neem 'n baie spesiale plek in die Bybel in. Die naam van die boek spel dit al uit. *Deutero* en *Nomium* is die twee Latynse woorde waarmee die Hebraïese naam vertaal is. In Afrikaans beteken dit: Die tweede wet – of beter gestel: die tweede afkondiging van die wet.

Die grootste gedeelte van die boek is die skriftelike neerslag van Moses se laaste groot toespraak, sy afskeidspreek, wat hy tot die verbondsvolk in die woestyn gerig het voordat hy op die berg geklim het om op 120-jarige leeftyd te sterwe soos die HERE dit beveel het.

Die spesiale plek van Deuteronomium lê eerstens daarin dat dit deel vorm van die eerste vyf boeke van die Bybel, wat volgens oorlewering deur Moses geskrywe is en wat ook deur die geskiedenis as die Pentateug bekend staan. Die Heilige Gees het op besondere wyse daarvoor gesorg dat hierdie vyf boeke heel eerste in die Bybel opgeneem en vir ons bewaar gebly het. Hulle verteenwoordig (om 'n beeld te gebruik) die

kiemsaad van God se openbaring waaruit die hele res van die Bybel oor baie eeue gegroei en ontwikkel het totdat dit eindelijk met die boek Openbaring tot afsluiting gekom het.

In hierdie vyf boeke leer ons die heel eerste pennestrepe van die Heilige Gees deur die diens van geïnspireerde mense ken. Daardeur sien ons in die besonder hoedat God Homself met al sy Goddelike eienskappe as Skepper en Herskepper van alle ware geregtigheid en heiligheid, goedertierenheid en barmhartigheid openbaar; hoedat God sy salige verbondsverhouding met die sondegevalle mens openbaar.

Dan is dit troosryk en insiggewend dat die kiemspore van hoe die mens se verhouding met God werk, pas na die skepping, en hoe dit in die tuin van Eden uitgedruk word in die opdragte wat God aan die mens gee: die kultuuropdrag.

Daarna het die sondeval plaasgevind wat 'n growwe skending van die verhouding tussen God en mens veroorsaak het. Wanneer God van sy kant af weer die verhouding herstel, bied die geskiedenis van die aartsvaders kosbare gegewens: Dat die HERE na hulle uitreik, Homself as hul Verlosser en hul God bekendstel, en hulle oproep om Hom gelowig te dien.

Die mees volledige uitdrukking van hoe die HERE sy verhouding met die mens beoefen, is egter die wetgewing by Sinai. In die Tien Gebooe vind ons die wortel van die verbond God. Net soos wat die gebed, die Onse Vader, dien as 'n kernkode vir die breë gebedslewe van die Christen, net so ook dien die vyf boeke, die dekaloo, as die kernkode vir die verhouding tussen God en mens, met as opsomming: liefde tot God en liefde tot die naaste.

Vir Moses, die kneg van die HERE, het hierdie uitnemende openbaring van die HERE aan Hom op die berg die diepste grondbeginsel verskaf waarop die lewe van 'n verbondskind in die besonder en van die verbondsvolk in die geheel opgebou moet word. Die geskrewe dokument daarvan het Moses immers self van die HERE ontvang, die twee kliptafels wat die HERE met sy eie vinger beskrywe het, en wat die volk altyd met hulle in die ark saamgedra het.

Daarom is dit ook noodsaaklik dat ons vanuit Eksodus 20 gaan kyk na die betekenis wat Deuteronomium vir die hele openbaringsgeskiedenis het, sowel wat die res van die Ou Testament betref asook vir die lewe en leer van die Here Jesus en die res van die Nuwe Testament.

Dit is immers nie sonder rede dat in die Nuwe Testament baie keer die term: "die Wet en die profete" gebruik word as 'n terminus technicus vir die hele Ou Testament nie.

Die interpretasie van die wet van God het ons die eerste keer in die paradys gevind. Daar het die HERE die proef gebod op Adam en Eva uitgebring.

Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe. Genesis 2:17

Daar het ons egter al die eerste twee interpretasies van die Wet van die HERE gekry. Die een is die geloofgehoorsame interpretasie wat vra "hoe kan ek dit wat God beveel so goed as moontlik doen soos Hy dit wil hê", die ander interpretasie die goddelose twyfel-interpretasie wat God se motiewe bevraagteken en sy woorde omdraai en vra "hoe kan ek te werk gaan om tog dit wat God beveel, nie na te kom nie."

Sedertdien het hierdie twee interpretasies langs mekaar bly bestaan.

Een van die gereelde vrae onder Christene is wat die betekenis en die toepaslikheid van die Ou Testamentiese wet vir die kerk van vandag het. Hierdie vraag is nie net beperk tot eenvoudige gelowiges nie, maar ook wetenskaplikes raak verstrengel in die verstaanprobleme in eksegeses van die Ou- en Nuwe Testament.

Versigtige antwoorde moet gegee word om 'n fondasie te lê vir die regte verstaan van die lewe van die kerk en die kerklike samelewing.

Deuteronomium is een van die hoofstookkamers van die Israelitiese wet. Daarom word baie navorsing oor Deuteronomium gedoen.

Merkwaardig is dat al die groot wetenskaplikes van die Ou Testament deur die eeue hierdie toespraak van Moses terugherlei het na die Tien Gebooe. Normaalweg kon hulle nie 'n logiese verband sien tussen die vele praktiese voorskrifte van Moses en die struktuur van die Tien Gebooe nie. Tog vind ons in die kommentaar van Calvyn asook in die diktate van prof B Holwerda op Deuteronomium reeds ryke grondwerk om te verstaan hoedat Moses die verskillende voorskrifte logies rondom die verskillende gebooe van die Dekaloog georden het.



'n Deurbraak in die verstaan van die boek het in 1979 gekom toe Kaufman sy voorgestelde ooreenkomste tussen die Deuteronomiese wette en die dekalog gepubliseer het. Dit was blykbaar die eerste suksesvolle poging om so 'n ooreenkoms te trek en dit het reeds erkenning verkry as 'n standaardwerk in die veld van die studies oor Deuteronomium.

Volgens die struktuur van Deuteronomium lyk dit duidelik na 'n homilie van Moses met prakties tien hoofpunte, georganiseer volgens die tien wette van die Dekalog en nie noodwendig georganiseer volgens een of ander kultuur-historiese juridiese sisteem nie.

Eerder is dit 'n homilie gegrond op die teks van die Tien Woorde van God wat op die kliptafels in die verbondsark gebêre is. Moses het die "gees" en "wese" van elkeen van die tien basiese wette van die Dekalog blootgelê.

Net so het Jesus met sommiges daarvan gedoen in sy Bergrede; toegepas in verskillende praktiese lewensomstandighede.

Die implikasie van hierdie ontdekking is dat nou besef word dat dit nie oorgelaat is aan Christus of aan Jeremia om te verkondig dat die tien basiese gebooe wyer in reikwydte en dieper in die hart daarvan verstaan moet word as die "letter van die wet" nie.

Eerder moet die individuele gebooe dien as deure wat toegang verleen tot 'n bespreking van Goddelike moraliteit. Dit wat die mens deur die sondeval geskaad en verloor het sy regverdige en heilige beeltenis van God juis dit wil God weer in die mens herstel noudat Hy ons deur sy genadeverbond in Christus verlos het van die Bose en ons tot sy kinders en erfgename gemaak het.

Die Tien Gebooe is dus reeds by Moses so verstaan dat dit by die individu 'n lewenstyl van God-verwante morele gedrag kweek, teenoor God en teenoor ons medemens.

Die besef dat die verkondiging van die wet bedoel is om die mens na God se Beeld te vernuwe, beteken dat ons vyande van die sosio-kulturele verklaring van die Wet moet wees.

Israel se omstandighede sou 'n paar keer drasties verwissel, vanuit 'n Egiptiese kultuurwêreld, deur 'n nomadiese bestaanwyse in die woestyn, na 'n Kanaänitiese kultuurwêreld in die beloofde land, en dan

weer in ballingskap na 'n Assiriese en Babiloniese kultuurwêreld toe ... en uiteindelik, teen die aanbreek van die Nuwe Testamentiese tyd, 'n Griekse-Romeinse kultuurwêreld.

Maar deur al hierdie kultuurwisselings sou die Tien Gebooie God se onveranderlike wet bly, gesagvol, waarvolgens die verbondskind se lewe geskoei en ingerig moet wees. Dan verstaan ons dat God se wet eintlik 'n openbaring van sy onveranderlike Self is waartoe Hy ons hoe langer hoe meer wil vernuwe. In die sin verstaan ons die Wet heilshistories – soos wat die HERE in die openbaringsgeskiedenis waarlik behandel het; presies dieselfde voorskrifte in en deur Christus tot vervulling laat kom het, en dit in die res van die Skrif bekragtig en uitgebou het. Heilsordelik – soos wat dit deur die uitgiet daarvan vir die mense aan wie dit eerste gerig is werklike heil gebring het op die werkswyse soos wat dit dwarsdeur die Skrif verkondig en steeds vir ons geldig is.

Deuteronomium kan gedefinieer word as een stuk uitleg van die wet – geïnspireerde uitleg. Dit is soos Moses dit self in 4: 14 sê: Die HERE het my bevel gegee om julle die insettinge en verordeninge te leer dat julle dit kan doen...

So gee Moses self die struktuur van sy leerrede op die wet van die HERE. Dit berus op die grondstelling dat die HERE God 'n enige Here is, en dit berus daarop dat ons die HERE onse God sal liefhê met ons hele hart, ons hele siel, ons hele verstand en met al ons kragte, en ons naaste soos onself. En derdens volg dit die letter van die wet in die herhaling van die tien gebooie van Sinaï. Ons hoor vierdens ook die implikasies van die wet, uitgewerk en toegepas in verskillende lewensomstandighede.

## **5. Deuteronomium 'n preek met punte op die Dekaloog van Eksodus 20**

Kyk nou vanuit Eksodus 20 na die betekenis wat Deuteronomium vir die openbaringsgeskiedenis het, sowel wat die res van die Ou Testament betref asook vir die lewe en leer van die Here Jesus en die res van die Nuwe Testament. Dit is min of meer waar dit op neerkom wanneer ons die onderwerp oordink hoedat ons die hermeneutiek van die Wet van God moet bekyk. Dit is immers nie sonder rede dat in die Nuwe Testament baie keer die term "*die Wet en die profete*", gebruik word as 'n *terminus technicus* vir die hele Ou Testament nie.

Die hermeneutiek van die Wet van God dateer terug na die paradys. Daar het ons reeds die eerste twee interpretasies van die Wet van die HERE gekry. Sedertdien is dit ook hierdie twee interpretasies wat geldend gebly het. Die een is die interpretasie wat vra hoe kan ek dit wat God beveel so goed as moontlik

doen soos Hy dit wil hê, die ander interpretasie is die twyfel-interpretasie wat God se motiewe bevraagteken en sy woorde omdraai en vra hoe kan ek te werk gaan om tog dit wat God beveel nie na te kom nie.

Een van die vrae wat die meeste dikwels onder Christene voorkom, is die vraag wat die betekenis en die toepaslikheid van die Ou Testamentiese Wet vir die kerk het. Hierdie vrae is nie net beperk tot die gelowiges nie, maar ook teoloë is verstrengel met die hermeneutiese kwessies wat in kruis-testamentêre eksegeese betrek word. Versigtige antwoorde moet aan daardie vraagstukke gegee word om 'n fondasie te lê vir die regte verstaan van die lewe van die kerk en die kerklike samelewing.

Deuteronomium is een van die hoofstookkamers van die Israelitiese wet. Deuteronomium is ook as sulks aan baie navorsing onderwerp. 'n Deurbraak in die verstaan van die boek het in 1979 in Amerika gekom, toe Kaufman sy voorgestelde ooreenkomste tussen die Deuteronomiese wette en die dekalooë gepubliseer het. Dit was blykbaar die eerste suksesvolle poging om so 'n ooreenkoms te trek en dit het reeds erkenning verkry as 'n standaardwerk in die veld van die studies oor Deuteronomium. In die Nederlande het ds. Van Rongen en in opvolging van hom ook prof. Holwerda reeds standaardwerke hieroor die lig laat sien.

Kaufman was van mening dat die organisering van die Deuteronomiese wette merendeels 'n literêre aangeleentheid is en nie noodwendig die Israelitiese idee van 'n juridiese klassifikasie verteenwoordig het nie.

Daarmee word bedoel dat Deuteronomium 'n preek (genre) van Moses is met hoofpunte, georganiseer volgens die wette van die Dekalooë en nie noodwendig 'n organisasie van wette volgens 'n juridiese sisteem is nie. Sy ondersoek na die korrelasies van die verskillende afdelings van Deuteronomium met die dekalooë, suggereer dat die organisering van die materie van Deuteronomium 'n literêre funksie dien. Eerder as dat dit noodwendig 'n klassifikasiesistelsel is waarvolgens die juridiese materiaal vir Israel ingedeel is, het Moses die "gees" agter elkeen van die tien basiese wette van die Dekalooë blootgelê, soortgelyk aan hoe Jesus gedoen het in sy Bergrede.

## **6. Die geboorte net die sleutel tot 'n wyer reikwydte**

Die implikasie van hierdie ontdekking is dat dit nie oorgelaat is aan Christus of aan Jeremia om te verkondig dat die tien geboorte wyer in reikwydte verstaan moet word as die "letter van die Wet" nie. Eerder moet die individuele geboorte dien as deure wat toegang verleen tot 'n bespreking van

transendentale moraliteit. Anders gestel: die tien gebooie is selfs reeds so vroeg as by Moses so verstaan dat dit by die individu 'n lewenstyl van morele gedrag kweek teenoor God (1-4) en teenoor medemens (5-10).

Hiermee kom dan onmiddellik die gesagsvraagstuk en die normatiewe karakter van die wet na vore. Die wyse waarop in hierdie aanbieding die hermeneutiek van die Wet beredeneer word, is dat ons dit literêr, letterlik, heilshistories en heilsordelik moet neem.

- Literêr, as preek met hoofpunte en toepassings volgens die tien gebooie.
- Letterlik, presies soos wat dit daar staan en in Hebreeus beteken.
- Heilshistories, soos wat die HERE in die openbaringsgeskiedenis waarlik gehandel het en presies dieselfde voorskrifte in en deur Christus tot vervulling laat kom het en in die res van die Skrif bekragtig en uitgebou het.
- Heilsordelik, soos wat dit deur die gieting daarvan vir die mense aan wie dit eerste gerig is werklike heil gebring het op die werkswyse soos wat dit dwarsdeur die Skrif verkondig is en steeds vir ons geldig is.

Deuteronomium kan gedefinieer word as een stuk hermeneutiek van die Wet, maar dan geïnspireerde hermeneutiek. Daarin gee Moses die diepste begroning en agtergrond van die Wet, wat:

- Berus op die grondstelling dat die HERE God 'n enige Here is.
- Dat ons die HERE onse God sal liefhê met ons hele hart, ons hele siel, ons hele verstand en met al ons kragte, en ons naaste soos onself.
- Die letter van die wet in die terme van die Dekaloog volg.
- En vierdens hoor ons ook die implikasies van die wet soos dit vir ons by voorbeeld toegepas word in verskillende lewensomstandighede.

Deuteronomium kan dus gedefinieer kan as een stuk geïnspireerde hermeneutiek van die Wet. Daarin gee Moses die diepste begroning en agtergrond van die Wet wat berus op die grondstelling dat die Here God 'n enige Here is, dat ons die Here onse God sal liefhê en ons naaste soos onself, dat die letter van die Wet in die terme van die Dekaloog volg, met die implikasies in verskillende lewensomstandighede.

## **7. Hoofsake Aangaande God en Aangaande die Mens**

### **Gesag**

Die eerste gebod, Deuteronomium 6-11

Die vyfde gebod, Deuteronomium 16-18

### **Waardigheid**

Tweede gebod, Deuteronomium 12

Sesde gebod, Deuteronomium 19-22

Sewende gebod, Deuteronomium 23

Agste gebod, Deuteronomium 23-24

### **Getrouheid**

Derde gebod, Deuteronomium 13-14

Negende gebod, Deuteronomium 24: 8-16

### **Regte en Voorregte**

Vierde gebod, Deuteronomium 14-16

Tiende gebod, Deuteronomium 24-26

**Nota:** Die Dekaloog word eers herhaal in Deut 5: 7-21 daarna word dit verder uitgewerk soos hierbo uiteengesit en hieronder breedvoeriger beskryf. Hierdie opdrag gaan spesifiek oor die 1e en 2de Gebooi, daarom sal die ander nie nou volledig hanteer word nie.

## **8. 1<sup>e</sup> Gebod – Gesag:**

### **Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.**

Exodus 20: 3, Deut 5: 7, Sondag 34.

Die eerste gebod fokus op die gesag van God, terwyl die vyfde gebod met menslike gesag in verhouding tot goddelike gesag dui. Die eerste gebod word nader verbind met Deuteronomium 6-11. Hierdie hoofstukke verkondig dat God ons eerste Prioriteit asook die finale Gesag is en moet wees, en dat ons aan Hom voorrang en gehoorsaamheid verskuldig is.

Daar is twee regstreekse stellings van God se gesag in hierdie afdeling.

Die eerste is in Deuteronomium 6: 4 waar die welbekende woorde staan: *"Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE."*

Die tweede regstreekse stelling is in Deuteronomium 10: *"Want die HERE julle God is die God van die gode en die HERE van die here; die grote, magtige en gedugte God wat die persoon nie aansien en geen geskenk aanneem nie."*

Behalwe hierdie regstreekse stellings is daar ook verskeie eksplisiete waarskuwings teen die aanbid van ander gode en wat praat van die enigste gesag van God, waarin dit duidelik is dat die eerste gebod in bespreking is (6: 13-14; 7: 3-5; 9: 19-20; 10: 20-21; 11: 16). Eerder om die implikasies van die eerste Gebod te bespreek in juridiese definiërings, gee hierdie hoofstukke eerder voorbeelde van maniere hoedat gehoorsaamheid/ongehoorsaamheid aan die eerste gebod gedemonstreer kan word.

Hierby is oproepe ingesluit om God lief te hê (6: 5; 10: 12; 11: 1, 13, 22) en om sy geboorte te gehoorsaam (6: 6, 17, 24-25; 7: 11-12; 8: 1, 6; 10: 12-13; 11: 1, 8, 13, 18, 22) en waarskuwings om God nie te versoek nie (6: 16; 10: 16). Laastens het Moses in Deuteronomium 6-11 baie tyd afgestaan om die leser daaraan te herinner hoedat God Homself waardig bewys het vir die respek en die plek wat Hy opeis. Byvoorbeeld stel Moses dat Israel uitgekies en bemin word (7: 6-8; 10: 14-15), dat Israel vermeerder is omdat God sy verbondsbeloftes hou (10: 22), en dat Israel verlos is uit Egipte (6: 21-23; 7: 19; 8: 2-5, 14-16; 11: 2-7).

Verder is God in staat om voorspoed vir hulle te bring (6: 10-12; 7: 13-15; 8: 7-13; 11: 10-15) en om die vyande te verdrywe (6: 19; 7: 1-2, 16-18, 20-24; 9: 1-6; 11: 23-25) indien aan die voorwaardes van

gehoorsaamheid aan Hom voldoen word. Dit wil met die eerste oogopslag voorkom asof hierdie hoofstukke ietwat deurmekaar is. Tog lyk dit of die konsep van God se gesag en sy prioriteit as 'n gemene deler gedien word en dit verskaf 'n sleutel om die gedagtes wat hierin uitgespreek word te verstaan.

In die vyfde gebod is die menslike gesag die tema. In Deuteronomium hoor ons egter hoedat die menslike gesag 'n uitdrukkingswyse is van die goddelike gesag. Die hooffunksie van menslike gesag wat beklemtoon word, is onderrig. In die direkte gebod (Deuteronomium 5: 16) word ouers as die basiese skakel gesien vir die kommunikasie, die onderrig en die verteenwoordiging van Goddelike gesag. Die eer wat aan ouers gegee word, word in die konteks geplaas van die bewaring van die verbond (*"dat jy lank mag bly in die land"*), en dat bewaring bewerkstellig word wanneer die ouers die kinders onderrig. Hierdie gebod poog om 'n swak skakel te dek: As ouers nie hulle kinders reg onderrig nie, sal die voordele van die verbond in die slag bly.

Die verdere Deuteronomiese behandeling van die vyfde gebod (Deuteronomium 16:18-17:13), praat nie oor die rol van die ouers nie, maar beweeg in die gesprek na ander vorme van menslike gesag. Dit het die voorkoms van 'n nasionale toepassing Elke afdeling praat van die manier waarop die verskillende gesagsdraers die voordele van die verbond in gedrang bring deur hierdie swak skakel te identifiseer die maniere waarop elke gesagsdraer kan faal om sy verantwoordelikheid uit te voer voor God.

Die eerste groep wat behandel word, is die regters wat verantwoordelik is om die verbond af te dwing (17:2-7). Elke keer wanneer 'n vonnis gevel word, is daar geleentheid vir onderrig en instruksie. Die swak skakel sal verskyn as die regters nie meer die integriteit van die sisteem bewaar nie. So praat die teks van omkopery wat die regspraak skend (16:19-20), beslissings wat nie afgedwing word nie (17:10-12) en sake waarin onderrig/instruksie nie gedoen word nie (17:10-12) of waar die les nie geleer is nie (17:13). Hier blyk die swak skakels in die gesag/onderrig ketting te wees wat die verbondseëninge in gedrang sal bring.

Die tweede amp wat behandel word is die koning (Deuteronomium 17:14-20). Die koning word gesien as God se verteenwoordiger wat vir die mense verantwoordelik gehou word deurdadig hy 'n stelsel moet daarstel wat aan die vereistes van die verbond voldoen. Hy word sodoende gesien as die administreerder van die verbond. God regeer op 'n verbondsmatige manier. Die swak skakel verskyn wanneer die koning in beslag geneem word deur uitrusting en die grootheid van sy amp (vv. 16-17) of wanneer hy nalaat om die wet waar te neem.

Enige van hierdie situasies kan veroorsaak dat hy misluk om 'n administrasie daar te stel wat die verbond onderhou. Onderrig vind hier veral plaas deur voorbeeld. Die koning stel goddelikheid aan die volk voor deur op 'n wyse te regeer wat aan die vereistes van die verbond voldoen.

Die priesters en die Leviete het die verantwoordelikheid van dienslewering wat insluit dat hulle die volk leer (17:10-12). Deuteronomium 18:1-8 praat van die versorging wat die priesters en Leviete by die volk verkry. Die swak skakel hier is wanneer die priesters nie voldoende versorg word nie, hulle nie behoorlik kon funksioneer nie, en die verbond word so geskend.

Die laaste groep is die profete (18:9-22). Hulle het die verantwoordelikheid om God se boodskap deur te gee, en was so beide in God se gesag as in sy onderrig betrokke. Die swakste skakels verskyn wanneer verkeerde gesag gebruik word. (vv. 9-14), as die mense weier om na die profete te luister (18: 19), of as die profete hulle eie woorde spreek eerder as God s'n (18:20).

Deur met hierdie vier groepe mense te handel, het die "Bybelskrywer" terug beweeg in die lyn van gesag wat met God self begin, wat sy instruksies aan die mense verkondig deur die profete. Daarna het die priesters die verantwoordelikheid om die mense te onderrig aangaande die Woord van God en dan het die konings die verantwoordelikheid om 'n stelsel daar te stel en te onderhou wat gebaseer is op die verordeninge wat God gegee het. Laastens het die regters die verantwoordelikheid om hierdie stelsel wat daargestel is ook met wet en orde af te dwing.

Deuteronomium kan gesien word as dat dit sekere gebiede uitsonder waar die verbond geskend kan word waar die swak skakels van gesag en onderrig in die ketting gebreek word. Menslike gesag moet egter eerbiedig word deurdat hulle moet dien as 'n belangrike skakel waardeur God se bevele tot sy mense gekommunikeer is. Aan die ander kant is dit die verantwoordelikheid van die menslike gesagspersone om nie hulle ampte te misbruik deur perspektief op hulle eerste taak te verloor nie.



## 9. 2<sup>de</sup> Gebod – Waardigheid:

**Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die Here jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en (maar) ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My gebooie onderhou.**

Ex 20: 4-6, Deut 5: 8-10, Sondag 35.

Die tweede gebod word skynbaar in Deuteronomium 12: 1-32 gereflekteer. Die sleutelvers is vs 4: *"So mag julle nie doen met die HERE julle God nie"*

Hierdie hoofstuk spreek die feit aan dat Israel nie daardie plekke en dinge wat deel van die Kanaänitiese godsdiens was, mag gebruik nie. Die Israeliete mag JHWH nie op dieselfde manier dien as wat die Kanaäniete hulle gode gedien het nie. Hierdie is natuurlik regstreeks verwant aan die verbod van die tweede gebod dat geen beelde gemaak en aanbid mag word nie. Die behandeling van Deuteronomium bevestig dat die verbanning van beelde spesifiek beelde van JHWH aangaan, en dat dit verder duidelik maak dat die verbod van beelde verstaan moet word in die konteks van die godsdienskultus.

Dit is maklik te verstaan dat God besorg was oor hoe die volk die land Kanaän in besit gaan neem. Sinkretisme is die weg van die minste weerstand. So het Hy dan 'n gesentraliseerde heiligdom beveel, eerder as dat die bestaande heidense heiligdomme omgeskakel word. Dit is gedoen om homogeniteit in die godsdiens te verseker en om 'n priesterlike kontrole op die godsdienstige praktyke aan te bring. Dit alles moet help waak en keer teen sinkretisme. Veral die rituele en seremonies moes met besondere verfynde aandag en sorg volgens voorskrif nagekom word. Deuteronomium 12: 30-31 maak dus weer duidelik:

*"neem jou dan in ag dat jy nie, agter hulle aan, verstrik word nadat hulle voor jou uit verdolg is nie, en dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? — dat ek ook so kan doen. So mag jy nie handel met die HERE jou God nie; want alles wat vir die HERE 'n gruwel is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen; want selfs hulle seuns en hulle dogters verbrand hulle met vuur vir hulle gode."*

Die hoofsaak van die Deuteronomiese behandeling is dus hoedat die rituele aspek van die godsdiens moet plaasvind. Die Israeliete word beveel om nie die heidense seremonies (waarvan beelddiens 'n groot deel

is) na te boots nie. Die ware godsdiens moet ook die ware en unieke andersheid van JHWH reflekteer, en dit word geskend wanneer Hy behandel word soos wat die heidene hulle gode behandel.

Ooreenstemmend met die tweede gebod en die bewaar van die waardigheid van God, is daar drie gebooe (6, 7, 8) wat in verband staan met die beskerming van die waardigheid van die medemens. (Ons gaan nie in hierdie studie verder daarop in nie.)

## **10.   Praktyk vir Vandag**

Wanneer ons nou na die res van die Skrif gaan, ontdek ons dat die grondstellings wat in die Dekaloog gemaak is en die diepere en wyere implikasies daarvan soos wat Moses dit in Deuteronomium verkondig het, as gesagvolle norm geneem is op grond waarvan;

- die profete in die res van die Ou Testament sowel as
- die Here Jesus deur sy gesprekke en lering en in opvolging van Hom ook
- hoedat die apostels in die res van die Nuwe Testament met ekstrapolasies van die wet voorskrifte gegee het wat geldig en Goddelik gesagvol is vir die kerk van alle eeue.

Daar bly allerlei praktiese vrae soortgelyk aan hoedat Paulus sy briewe aan die Korinthiërs geskrywe en ook hoedat Jakobus se brief gekonstrueer is. Aan die een kant moet ons hoor hoedat Paulus aan die Kolossense (Kol 2) verkondig dat die onderhouding van die wette en die oorleweringe van die ou mense nie meer nodig is nie, en tog gaan hy in hoofstuk drie tog voort om voorskrifte vir die Nuwe Testamentiese gemeente te gee.

Uit die voorskrifte van die apostelkonvent in Jerusalem (Hand 15) was dit afgespreek dat die seremoniële wet wat met die skadubeelde in verband staan wat in Christus vervul is, nie meer as las op die Nuwe Testamentiese gelowiges gelê word nie (vgl. die Hebreërbrief en ook NGB art 25). Tog het dieselfde konvent ook besluit dat die gelowiges hulle moet onthou van die afgodsoffers en van bloed en van wat verwurg is en van hoerery. Die boodskap daarby was wel duidelik dat die evangelie nie beplan om van die heidene ook model-Jode te maak nie, maar wel dat daar in die lewenswyse van die Christene uit die heidene 'n baie duidelike onderskeid sal wees van die heidene wat afgode aanbid (vgl. 1 Thess 1: 9, 10).

Voorbeeld: Neem Deuteronomium 22: 8. Dit is 'n uiteensetting volgens ons indeling, van die basisstelling van die sesde gebod wat doodslag verbied. Jy mag nie doodslaan nie, is dan die stelling, en 'n implikasie

van hierdie letterlike stelling is dat 'n leuning om die dak van die bovertrek gemaak moet word sodat daar geen bloedskuld op jou huis gebring word as iemand daar van bo afval nie of dat ons maatreëls tref in tye van 'n gesondheids-pandemie sodat ons nie lidmate in gevaar stel om besmet te raak en moontlik te kan sterf as gevolg daarvan nie.

Wat sal dan die universele en geldige beginsel wees vir die toepassing van hierdie wet? Die implikasie wat Moses met 'n voorbeeld toelig, is dat ons genoegsame veiligheidsmaatreëls moet tref om sterwensongelukke te voorkom. Dink aan ander tekste in ekstrapolasie van dieselfde saak: II Konings 4: 38-41 toe Elisa die giftige kos vir die profeteseuns veilig gemaak het, Lukas 22: 35-38 oor die twee swaarde, ook Handeling 20 verse 8-12 hoedat Paulus met Eutiches gehandel het, en Handeling 27 die episode van die skipbreuk.

Nuwe ontwikkelende en tegnologiesontwikkelende wêreld kan hierdie selfde wet heel konkreet kontekstualiseer: veiligheidsnette oor swembaddens, veiligheidsgordels in motorvoertuie, veiligheidskakelaars en deure in hysbakke, plastiekhandskoene vir dokters. Dit gaan oor al die moontlike maniere tot ons beskikking om lewensverlies en lewensbedreiging te voorkom. Dit sluit aan by die sesde gebod.

Om die Wet hermeneuties te behandel sal van ons vra om:

1. Die stelling van die bepaalde wet in die dekalog taalkundig te ontleed om die presiese betekenis daarvan in konteks te begryp. Daarna;
2. Om in die verdere verduidelikings van die bepaalde wet in die Pentateug te sien watter praktiese implikasies die bepaalde wet ingehou het.
3. Om verder intertekstueel oor die skopus van die hele Bybel te beweeg om te sien hoedat in verskillende omstandighede die wet verkondig en toegepas is. Dit moet ons daartoe bring om die dogmatiese of leerstellige beginsels wat aan die betrokke wet verbonde is, wat as ewigdurende beginsels dien, daaruit vas te stel en te definieer. En laastens;
4. Om in die ontleding van ons eie lewensomstandighede die verskillende terreine van ons lewe as toepassingsterreine te sien waarin die Wet van die Here volgens die grondbeginsels daarvan tot praktiese gedrag gebring moet word.

- Veiligheidswetgewing in abattoirs oor hoe diere geslag en vir die publiek beskikbaar gemaak word, val nie sommer uit die lug nie.
- Die beginsel dat twee of meer getuies vir 'n saak moet getuig voordat dit as waar aanvaar kan word, is nie 'n moderne uitvinding van die regs wetenskappe nie.
- Die daarstelling van waterleiding en rioolstelsels vir die veiligheid en sindelikhed van 'n samelewing is nie sommer net 'n moderne Westerse uitvinding nie.
- Dat Paulus vir Timoteus voorskrywe om nie langer water alleen nie, maar ook 'n bietjie wyn te neem vir sy maag en sy ongesteldhede, is 'n voorskrif wat ons in alle letterlikheid en krag kan oorneem met die wete en bedoeling dat Paulus graag wil dat Timoteus die beste beskikbare medisyne vir sy ongesteldhede neem. Hierdie beginsel moet ons vandag nog net so toepas deur die beste medisyne vir ons ongesteldhede te gebruik.

Die vraag is dan of ons moet sê dat daar faktore sodanig kan verander dat die wet of spesifieke toepassings van die wet nie geldig meer is nie. Iemand sal byvoorbeeld sê dat die onderskeid tussen die Christene en die heidene vandag anders daar uitsien as destyds met Deuteronomium, hoofsaaklik omdat ons nie meer as volk eenkant afgesonderd leef nie, maar tussen die heidenvolkere waaruit God sy kerk roep.

Hoe bepaal ons die norm wat vir ons geldig is:

- Nie kontekstueel nie
- Nie situatief nie
- Nie eie goeddunke nie

Maar gehoorsaam eers luister na die volle reikwydte van wat God se mening oor die saak is en gehoorsaam soek om te doen wat na sy welbehag is. (Kyk HK So 33).

Vra by die praktyk wat gebesig word: Waar kom nou eintlik die idee vandaan om so iets op so 'n manier te doen? Die antwoord op hierdie vraag behoort voldoende aanduiding te gee of dit uit spontane

gehoorsaamheid of uit eiewillige kreatiwiteit gedoen is. Saul, waar het jy aan die idee gekom om hulle so met die banvloek te tref dat hulle skape hier nog blêr en hulle beeste hier bulk, en hulle koning hier sit?

Waar kom ons jongmense aan die idee om sommer net saam te bly?

In 'n rede by 'n gradeplegtigheid van die Teologiese Skool te Potchefstroom met die titel: Sal ek swyg of sal ek spreek, het prof Harry van Rooy gesê: Daar staan nêrens in die Bybel dat gelowiges vir alle tye en omstandighede uit een drinkbeker die wyn van die nagmaal moet drink nie. Op hierdie opmerking kan voortgeborduurd word. Daar staan nêrens in die Bybel dat gelowiges vir alle eeue en alle tye en onder alle omstandighede:

- by 'n tafel moet aansit en nagmaal gebruik nie
- vrouens hoofbedekkings moet dra nie
- vrouens lang hare en mans kort hare moet dra nie
- die huwelik die manier is hoe man en vrou saam bly nie
- dat ons gekant teen wêreld-eenheid moet wees nie
- dat ons nie aan stadsontspanning mag deelneem nie
- dat ons nie op Sondag koerant mag lees nie
- dat ons ongewenste babas prematuur mag afdryf nie
- dat ek van 'n buurman se saad kan gebruik om my vrou te bevrug nie.

Die teenvraag is egter: Waar kom mense aan die idee om die dinge te doen? Kry hulle die idee by die Here? Benader ek die Bybel om te soek wat ek daarin wil vind, of benader ek die Bybel omdat ek daarin wil vind wat ek moet soek. Ek is bevrees dat die argument van Van Rooy te veel klink na die soort argument van Eva voordat sy tog die vrug geëet het.

## 11. Slotopmerkings

Die Bybel is God se verbondsboek waarin Hy sy salige verhouding met sy verlostes volledig beskrywe. Daarin neem die Wet 'n sentrale plek in. Die hele Bybel is 'n uitleg wat God gee van sy eie Wet. Daarmee belig Hy meer as die letter van die Wet. Hy lê die gees van die Wet bloot, die grondbeginsel/s waarop die Wet berus. Hy verkondig ook die wye implikasies van sy Wet oor die volle spektrum van elke duimbreedte van ons totale lewe. Nie om ons tot kasuïstiese Fariseïsme te bring nie, maar om ons tot sy ewebeeld te vernuwe. Daarom neem ons dit letterlik, literêr, heilshistories en heilsordelik gesagvol om ons lewens en ons kultuur aan te pas en in te pas en te verander om daaraan gehoorsaam te wees.

Die Bybel is God se verbondsboek waarin Hy sy salige verhouding met sy verlostes volledige beskrywe. Daarin neem die wet 'n sentrale plek in. Die hele Bybel is 'n uitleg wat God gee van sy eie wet. Daarmee belig Hy meer as die letter van die wet. Hy lê die gees van die wet bloot, die grondbeginsel/s waarop die wet berus.

Hy verkondig ook die wye implikasies van sy wet oor die volle spektrum van elke duimbreedte van ons totale lewe. Nie om ons tot kasuïstiese Fariseïsme te bring nie, maar om ons tot sy ewebeeld te vernuwe.

Neem ons die boek Deuteronomium in die hand, dan sien ons 'n 120-jarige oue dienskneg van die HERE wat volgens die Hebreër-brieffskrywer (3:5) getrou was in die hele huis van Israel wat God vir Homself afgesonder en uitgekoop het. En nou dat sy jare op aarde afgeloop het en hy moet gereed maak om te sterwe, kry hy die geleentheid om sy laaste woorde tot die kerk te rig.

Dit is sy sterfbedwoorde; dit is eintlik sy testament wat hy uitspreek. En oor die algemeen neem ons mense se laaste woorde voordat hulle sterf, besonder ernstig op.

Die vraag is nou: Wat is Moses se laaste wens, wat is sy laaste boodskap, ja veel dieper: wat is die laaste woorde wat die HERE hom laat spreek het tot die verbondsvolk wat op die punt staan om die beloofde land in besit te neem...?

Die hele toespraak trek saam in die vermaning van ons teksverse: Hoofstuk 4:10b ... om die HERE te vrees, al die dae wat ons op die aarde lewe en dit aan ons kinders te kan leer.